

Donderdag 3 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:14, 15; HK Sondag 27, Antwoord 74

Die roeping van gedoopte kinders

Uit bogenoemde belydenis is dit duidelik dat daar deur die doop 'n roeping en verpligting op die kinders gelê word om te aanvaar wat God hulle belowe en om Christus in die geloof as Verlosser aan te neem. Dit spreek vanself dat, terwyl die kinders nog jonk is, hulle ouers daarin aan hulle leiding moet gee en vir hulle 'n voorbeeld moet stel. Daar kom egter 'n stadium in die kinders se lewe dat hulle self Christus as Verlosser in die geloof moet aanvaar en volgens sy wil moet lewe. In hierdie verband is dit belangrik om te let op wat Paulus aan Timoteus skryf.

Timoteus se ma was 'n Jodin wat Christus in die geloof aangeneem het en sy pa was 'n Griek, 'n heiden. Hulle het in Listra gewoon (Hand. 16:1). Deur die onderrig wat hy van sy ouma, Loïs, en van sy ma, Eunice, en van Paulus self ontvang het, het hy die opregte geloof in Christus aangeneem (2 Tim. 1:5). Hierdie geloof in Christus as die enigste ware Verlosser het hy openlik bely en daarvolgens gelewe (Hand. 16:2). Dit beteken dat hy die verantwoordelikheid wat sy ouers (sy ma en ouma) by sy doop op hulle geneem het om hom Christelik op te voed, nou doelbewus en in vertroue op God op homself geneem, ondanks die feit dat hy nog jonk was.

Hierdie optrede van Timoteus kan in die gees van die Kategismus soos volg weergegee word: Hy het God se verbondsbeloftes aanvaar, maar terselfdertyd besef dat hy voortaan moet lewe volgens die eise van die verbond. Dit is wat by elke gedoopte kind kragtens hulle verbond met God ingeskerp moet word. Aan elkeen van hulle moet ons sê: Onthou die verbondsbelofte van God waardeur verlossing van sonde en die gawe van die Heilige Gees beloof word, is by die doop ook aan jou verbind en bevestig.

Dieselfde doop eis egter van jou dat jy, terwyl jy opgroei, Jesus Christus in die geloof moet aanneem as jou persoonlike Verlosser en Saligmaker. Dit kan jy doen deur met aandag te luister as jou ouers jou uit God se Woord onderrig en deur gereeld te bid; deur gereeld eredienste by te woon en getrou te wees in katekisasie; deur van jongs af die Bybel te lees en te bestudeer. Dan sal jy lewe ooreenkomstig die teken en seël van die verbond met God wat jy by jou doop ontvang het.